# Hiernamaals

wat sê die Bybel?

## 9: DIE WEDERKOMS EN HOE ONS GAAN LYK

1

| | | | |
|---|---|---|---|
| **302: Watter dissipel het die beursie gedra?** | | | |
| Taddeus | Matteus | Judas | Jakobus |
| | | | |
| **303: Aan wie het God gevra: 'waar was jy toe Ek die aarde gegrond het'?** | | | |
| Dawid | Job | Daniël | Esegiël |
| | | | |
| **304: Wie was die valse profeet wat die juk om Jeremia se nek gebreek het?** | | | |
| Pasgur | Gemara | Elasa | Hananja |
| | | | |
| **305: Wie het Petrus geld aangebied vir die gawe van die Heilige Gees?** | | | |
| Simon | Ananias | Kornelius | Joses |
| | | | |
| **306: Na wie het Petrus verwys toe hy gesê het dat hy nie opgevaar het na die hemel nie?** | | | |
| Dawid | Jesus | Paulus | Geeneen |
| | | | |
| **307: Waarheen het die Gees van Jesus Paulus verhoed om te gaan?** | | | |
| Masedonië | Siprus | Bitinië | Galate |
| | | | |
| **308: Wie het baie honger geword toe hy op 'n huis se dak gebid het?** | | | |
| Paulus | Petrus | Jesus | Stefanus |

2

| | | | |
|---|---|---|---|
| **302: Watter dissipel het die beursie gedra?** | | | |
| Taddeus | Matteus | C: Johannes 12:6 | Jakobus |
| **303: Aan wie het God gevra: 'waar was jy toe Ek die aarde gegrond het'?** | | | |
| Dawid | B: Job 38:4 | Daniël | Esegiël |
| **304: Wie was die valse profeet wat die juk om Jeremia se nek gebreek het?** | | | |
| Pasgur | Gemara | Elasa | D: Jeremia 28:10 |
| **305: Wie het Petrus geld aangebied vir die gawe van die Heilige Gees?** | | | |
| A: Handelinge 8:18 | Ananias | Kornelius | Joses |
| **306: Na wie het Petrus verwys toe hy gesê het dat hy nie opgevaar het na die hemel nie?** | | | |
| A: Handelinge 2:34 | Jesus | Paulus | Geeneen |
| **307: Waarheen het die Gees van Jesus Paulus verhoed om te gaan?** | | | |
| Masedonië | Siprus | C: Handelinge 16:7 | Galate |
| **308: Wie het baie honger geword toe hy op 'n huis se dak gebid het?** | | | |
| Paulus | B: Handelinge 10:9, 10 | Jesus | Stefanus |

3

1: Beskryf hoe die liggaam gaan lyk wat sal opstaan.

1 Korintiërs 15:42 - 44
So is ook die opstanding van die dode: daar word gesaai in verganklikheid, daar word opgewek in onverganklikheid; daar word gesaai in oneer, daar word opgewek in heerlikheid; daar word gesaai in swakheid, daar word opgewek in krag. 'n Natuurlike liggaam word gesaai, 'n geestelike liggaam word opgewek. Daar is 'n natuurlike liggaam, en daar is 'n geestelike liggaam.

Verganklik → Onverganklik: Geen dood. Ook geen noodsaak vir voortplanting

Oneer → heerlikheid: dit wat die sondeval sleg gemaak word, word heerlik (goed en mooi) gemaak, gelykvorming aan Jesus se opstandingsliggaam (Fil. 3:20, 21)

Swakhied → krag. Alle gebreke en swakhede totaal uitgeskakel. Nooit moeg, onfiks, pateties nie.

Natuur → gees: Natuurlike behoeftes en drange beheer nou ons lewens, die nuwe liggaam sal beheer word deur geestelike behoeftes

4

2: Verklaar 1 Korintiërs 15:58 (kyk ook Artikel 37 van die Nederlandse Geloofsbelydenis)

Daarom, my geliefde broeders, wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie.

Konteks: Vers 12, 13: As dit dan gepreek word dat Christus uit die dode opgewek is, hoe sê sommige onder julle dat daar geen opstanding van die dode is nie? As daar geen opstanding van die dode is nie, dan is Christus ook nie opgewek nie.

Staan vas in die wete dat jou liggaam gaan opstaan uit die dood

Onbeweeglik: die duiwel gaan probeer om jou weg te beweeg van die feite van die opstanding uit die dood – moenie aan hom 'n vatkans gee nie.

Werk van die Here – verkodiging van die evangelie

Arbeid in die Here – uitleef van jou geloof met die krag van die Here as voorbeeld vir alle mense

5

Verduidelik vir 'n kind die begrafnis van iemand aan die hand van 1 Korintiërs 15



Plant die boontjie. Ons sien die lobbe.

Die lobbe is aan die stam, maar verdroog.

Geen lobbe nie, maar 'n nuwe plant groei.

So begrawe ons 'n natuurlike liggaam, maar 'n geestelike liggaam staan op.

6

## 3: Is daar meer as een Liggaamlike opstanding (Openbaring 20:5, 6)?

Onderskei eerste opstanding en tweede opstanding soos eerste dood en tweede dood.

| | |
|---|---|
| Eerste dood = liggaam sterf | Tweede dood = siel sterf |
| Eerste opstanding = verheerlikte liggaam | Tweede opstanding: liggaam staan op vir die oordeel |

Dus: dit is nie dieselfde liggaam wat 'n eerste en tweede keer opstaan nie, maar teenoorgestelde opstandings

## 4: Verklaar 1 Korintiërs 15:44

'n Natuurlike liggaam word gesaai, 'n geestelike liggaam word opgewek. Daar is 'n natuurlike liggaam, en daar is 'n geestelike liggaam.

Natuurlik: Natuur. Soos dié van enige dier. Dit wat 'n hart het, asem haal en deur instink beheer word.

Geestelik: Dit wat beheer word deur die gees, Gees van God

7

## 5: Waarom sê Daniël 12:2 dat *baie* op sal staan - moes dit nie *almal* gewees het nie?

En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik.

Die oorspronklike Hebreeuse word wond vertaal met "baie", maar het nie en die een betekenis nie. Dit beteken ook: volle getal, menigte.

Die betekenis impliseer dus nie dat die getal beperk word nie, maar meer in die figuurlike sin van die getal.

Die volle getal uitverkorenes sal opstaan tot die ewige lewe

Die volle getal nie-uitverkorenes sal opstaan tot die ewige dood

8

## 6: Hoe verklaar die Kategismus die opstanding van die liggaam?

57 Vraag: Watter troos gee die opstanding van die liggaam aan jou?
Antwoord: Dat nie alleen my siel na hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word nie (a), maar ook hierdie selfde liggaam van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig en aan die heerlike liggaam van Christus gelykvormig sal word (b).
(a) Luk 16:22; 23:43; Fil 1:21, 23. (b) Job 19:25, 26; 1 Joh 3:2; Fil 3:21.

Job 19:25, 26 Maar ek, ek weet: My Verlosser leef; en Hy sal as laaste oor die stof opstaan.
En nadat hulle so my vel afgeskeur het, sal ek nogtans uit my vlees God aanskou;

1 Joh 3:2 Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is.

Fil 3:21. wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp.

9